Mosselbaai
MUNISIPALITEIT
MOSSELBAAI | HARTENBOS | GROOT BRAK RIVIER | HERBERTSDALE



ISSUE 7/2023

# Nuusbrief

## UITVOERENDE BURGEMEESTER



Dirk Kotzé | 31 JULIE 2023



**DIRK KOTZÉ**
*Uitvoerende Burgemeester*

U weet die Mosselbaai-munisipaliteit werk al jare lank hard om ál ons inwoners eerste te stel, hul belange te dien en in vertroue met mekaar saam te werk.

Ons strewe na 'n omgewing waarop ons as inwoners trots kan wees en waar ons in harmonie saamleef.

Met hierdie jaar se begroting het ons voor ongekende moeilike uitdagings gestaan. Eskom het vroeg in die jaar reeds aangekondig dat hul tariewe verhoog met 18.49%, wat natuurlik die munisipale tariefaanpassings vir 2023/2024 beïnvloed het. Ons het die impak van Eskom se verhoging op ons inwoners probeer versag deur 'n algehele elektrisiteitstariefverhoging van net meer as 14% te implementeer.



Dit is wel meer as die tariefverhogings van vroeëre jare, maar dit was werklik onvermydelik.
Sedert Mei vanjaar, het die munisipaliteit by herhaling die tariefaanpassings gekommunikeer, onder meer deur die munisipale nuusbrief in Mei, die onderskeie GOP-vergaderings, radio-onderhoude en berigte in die plaaslike media.

## DIENSLEWERINGSDILEMMA

Ek besef ons inwoners is vuisvoos onder ál die verhogings - kospryse, brandstof - op elke terrein gaan pryse op omdat ons land se ekonomie wankel en nasionale infrastruktuur kwalik in stand gehou word.

Tereg is mense kwaad, onder meer omdat die ANC-regering Eskom tot in die grond in sleg bestuur, soveel so dat ons daagliks met ongekende kragonderbrekings sit. Dit skep 'n probleemsituasie wat ons moet bestuur omdat Mosselbaai se noodsaaklike dienste, soos onder meer watervoorsiening en riooldienste, ononderbroke gelewer moét word, ongeag of Eskom die elektrisiteit lewer of nie. Dit plaas 'n bykomende groot las op die munisipale begroting.

In Mosselbaai loop die riool nie in ons strate nie want ons stelsels word behoorlik onderhou. Hier kan ons nog die water uit ons krane drink en is gemeenskappe nie vir dae of selfs weke sonder water nie. Ons paaie is goed en word deeglik onderhou en slaggate gou reggemaak. Ons nooddienste en ander noodsaaklike dienste se voertuie en implemente moet deurgaans in 'n goeie toestand gehou word sodat noodsaaklike dienste deurentyd gelewer kan word.
Ons dorp is netjies en ons is trots om in Mosselbaai te kan woon.

As Raad werk ons hard aan inisiatiewe om die ekonomie te stimuleer en te laat groei sodat werk behoue kan bly en nuwe geleenthede geskep kan word.

## ALTERNATIEWE KRAG

Munisipale dienslewering word op alle vlakke geraak deur die nasionale regering se onvermoë om dienste te lewer. Dit bring uitgawes mee wat 'n addisionele las op die munisipale begroting plaas. Omdat Eskom nie ononderbroke elektrisiteit kan lewer nie, moét die



# HOE RAAK ELEKTRISITEITSKOSTE U?

munisipaliteit belê in alternatiewe energiebronne en dit plaas 'n bykomende las op ons inkomste. Tenders vir hierdie inisiatiewe, soos die voorgenome sonkragplaas by Mossdustria en die mini-aanlegte by bestaande infrastruktuurpunte, is reeds gepubliseer en ons hoop om binnekort meer hieroor te kan deurgee aan ons getroue inwoners en belastingbetalers.
Inwoners noem aan my dat hulle bewus is van die enorme uitdagings met dienslewering wat ons in die gesig staar.

Dit is so, die munisipaliteit se inkomste uit kragverkope - wat die grootste gros van inkomste behels wat vir kapitaalprojekte gebruik kan word, is onder uiterste druk. Onthou, inkomste uit eiendomsbelasting kan nie vir kapitaalprojekte gebruik word nie. Kapitaalprojekte behels onder meer die bou van paaie, nuwe kraglyne soos die nuwe lyn vanaf Mossdustria na die Ockert Bothma-substasie om voorsiening te maak om die sonkragplaas se krag aan ons munisipale netwerk te koppel, en waterbergingsvermoë soos die groot Vaale Vallei-reservoir en die onderskeie rioolstelsels in die groter Mosselbaai, om enkele van die groot projekte te noem.

Ons inkomste en vermoë om dienste aan ons inwoners te kan lewer is direk afhanklik van beide die beskikbaarheid van energie, enersyds, en die verkope van elektrisiteit, andersyds.
Ons het alles in ons vermoë gedoen om die kragtarief so laag moontlik te hou.

## TARIEFSTRUKTUUR

Die tradisionele tariefstruktuur is gewysig sodat alle inwoners eenvormig behandel word.
Daar is nou enersyds 'n beskikbaarheidsfooi (die R434) wat vantevore deel was van die tarief wat per eenheid gehef is.
Andersyds is daar 'n koste per eenheid.
Let daarop dat die koste per eenheid in werklikheid vir die 2023/2024 boekjaar verlaag is. Die eenheidstarief is vervolgens slegs R2.44, dit is 22 sent minder as laasjaar se tarief van R2.66.
Onthou, vir die komende boekjaar het Mosselbaai-munisipaliteit 'n aanpassing van net meer as 14% aangekondig, minder as Eskom se tariefverhoging van 18.49%. Sou dié Eskom-verhoging ook op prys per eenheid toegepas moes word, sou een eenheid krag ons verbruikers in

werklikheid R3.05 gekos het.
Die beskikbaarheidsfooi is bestem om die munisipale kragnetwerk in stand te hou. Munisipale mini-substasies en selfs kragkiosks raak ook onklaar - ook soms weens kragstuwing, net soos die implemente in u huise - en moet opgegradeer of herstel en in stand gehou word.

## BESTUUR U ELEKTRISITEITSREKENING

Die 2023/2024 begroting gee verbruikers die beweegruimte om hul algehele elektrisiteitsrekening beter te bestuur.
Wat bedoel ek met dié stelling?
Die beskikbaarheidstarief van R434 geld vir huishoudings met 'n stroombreker van 60Amp, maar huishoudings kan aan die hand van hul werklike elektrisiteitsverbruik die ampere verlaag, en só die beskikbaarheidstarief afbestuur.
Vir 'n stroombreker van 45Amp is die beskikbaarheidstarief R325.80, teenoor die beskikbaarheidstarief vir 30Amp van R217.
Heelwat inwoners wat die moeite gedoen het om direk met die munisipaliteit te skakel, was verbaas dat hulle selfs minder vir elektrisiteit sal betaal in die komende boeklaar.
Die munisipale bestuurder het in sy nuusbrief van Vrydag, 28 Junie verskeie voorbeelde van verskillende verbruik gelys en inwoners word aangeraai om dié nuusbrief te bestudeer.
Munisipale personeel kan, aan die hand van u huishouding se werklike verbruik en persoonlike omstandighede, u gepas adviseer.





## DEERNISHUISHOUDINGS EN PENSIOENARISSE

Onthou, deernishuishoudings word nie deur hierdie beskikbaarheidstarief geraak nie aangesien hul kragtariefstruktuur verskil.

Daar is ook vir die eerste keer verligting betreffende die beskikbaarheidstarief vir kwalifiserende pensioenarisse.

Pensioenarisse kan kwalifiseer vir afslag van óf 30%, óf 50% op hierdie beskikbaarheidstarief en ek moedig u sterk aan om die munisipaliteit te skakel om vir pensioenarisrabatte aansoek te doen - rabatvoordele strek ook heelwat wyer as net kragtariewe.

Deernisvoordele en pensioenarisrabatte is ook nie beperk tot net sekere gemeenskappe nie.

Die munisipale bestuurder se nuusbrief versprei het ook daarop gewys dat Mosselbaai se kragtariewe heelwat goedkoper is as ons buurdorpe, George en Oudtshoorn. Dieselfde geld die Metro.

Ek nooi u dus om asseblief die munisipaliteit te skakel indien u navrae oor die elektrisiteitstariewe het.

Gesels gerus in werkstyd met Mithcell Zimri, óf Jannie Fourie van die munisipaliteit se finansies-afdeling by 044 606 5000, of stuur 'n e-pos na admin@mosselbay.gov.za

Ek gee u weer eens my persoonlike versekering dat ons in die beste belang van almal in ons dorp optree en ons dorp dien in ons strewe na vooruitgang en die welstand van almal.
Vriendelike groete

**Dirk Kotzé**
Uitvoerende Burgemeester